



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2015

Hierdie riglyne bestaan uit 29 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	3
2.	RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER	4
2.1	Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei	6
2.2	Idees en benaderings om Onderwerp 2 te lei	7
2.3	Hoe om PAT'e te administreer	8
2.4	Hoe om die PAT'e te assesseer/na te sien	9
2.5	Moderering van PAT'e	11
2.6	Verklaring van egtheid	12
3.	RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER	18
3.1	Instruksies vir die leerder	13
3.2	Vereistes: PAT'e vir Visuele Kunste	17
3.3	Assessering	18
3.4	Afwesigheid/Take nie ingelewer nie	19
3.5	Vereistes vir aanbidding	19
3.6	Tydraamwerke	19
3.7	Verklaring van egtheid	19
4.	BRONNELYS	20
5.	GEVOLGTREKKING	20
	BYLAE A: Verklaring van egtheid	21
	BYLAE B: Templaat vir opstel van PAT-opdragte	22
	BYLAE C: Visuele beelde	27

AKRONIEME

KABV	Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
PAT	Praktiese Assesseringstaak
AP	Assesseringprogram
SGA	Skoolgebaseerde assessering

1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- **LANDBOU:** Landboubestuurwetenskappe, Landbou-
tegnologie
- **KUNS:** Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek,
Visuele Kunste
- **WETENSKAPPE:** Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtings-
tegnologie
- **DIENSTE:** Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- **TEGNOLOGIE:** Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie,
Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en
ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

KREATIWITEIT – *Leerders toon kreatiwiteit wanneer hulle met idees speel en verskillende benaderings genereer. Hulle skep oorspronklike beelde en artefakte deur verbeeldingsvolle en persoonlike oplossings in reaksie op doelgerigte take. Oorspronklikheid kan gedefinieer word met betrekking tot leerders se eie vorige werk, met die werk van hul portuurgroep of wat ander in 'n verskeidenheid van historiese kontekste geskep het.*



Die Departement van Basiese Opvoeding het besluit dat kunsonderwysers hul eie SGA-take sal opstel weens die kreatiewe aard van die vak.

- Onderwysers moet DRIE afsonderlike praktiese assesseringstake opstel wat gedurende die akademiese jaar onderneem word. EEN PAT sal in Kwartaal 1 en 2 voltooi word. In kwartaal 3 is PAT 3 die Proefeksamen.
- Elke taak **moet** beide Onderwerp 1: **Konseptualisering** en Onderwerp 2: **Die maak van kreatiewe kunswerke** insluit.
- Punte moet aan beide **konseptualisering** (Onderwerp 1) en **die maak van kreatiewe kunswerke** (Onderwerp 2) toegeken word.

Leerders moet die PAT in die vorm van 'n **geskrewe opdrag** ontvang om hulle van die volgende in kennis te stel voordat hulle met die werk begin:

- Die presiese doel of eindproduk wat van die taak verwag word met betrekking tot medium, grootte, ensovoorts
- Bronne beskikbaar vir verwysing/navorsing/ondersoek/eksperimentering
- Assesseringsprosedures en -kriteria wat gebruik gaan word
- Presiese, nie-onderhandelbare sperdatums vir die inlewering van werk; kontrolepunte gedurende die proses
- Enige moontlike beperkings en/of riglyne vir die opdrag
- Toepaslike mediums, tegnieke en/of benaderings vir die opdrag

Algemene riglyne tydens die opstel van die PAT:

- BYLAE B in die KABV-dokument voorsien moontlikhede vir die opstel van PAT'e.
- In Graad 12 moet take **OOP** opdragte wees wat leerders sal toelaat om materiale, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse binne hul gespesialiseerde praktiese opsies, byvoorbeeld skilder, beeldhouwerk, drukkuns, ensovoorts, te kies.
- Die kunsonderwyser se doel is om kreatiwiteit en oorspronklikheid te inspireer.
- Kontekstuele faktore moet in ag geneem word, naamlik die materiaal, toerusting en fasiliteite by 'n skool, hulpbronne, koste, ervaring van leerders, ensovoorts.
- Toepaslike media, tegnieke en/of benaderings vir die taak.

- Die presiese doel of eindproduk van die taak ten opsigte van medium, grootte, ensovoorts, wat verwag word. Onthou om altyd die moontlikheid van innoverende en persoonlike interpretasies in ag te neem. Oorspronklikheid en kreatiwiteit is van die uiterste belang.
- Wanneer daar oor temas besluit word, neem die leerders se belangstellings, ervarings en konteks in ag om hulle uit te daag. Kunswerke vertel ons van kunstenaars se ondervindings, idees en gevoelens. Moedig 'eerlikheid' aan sodat leerders se kunswerke spreek van hulle ondervindings, idees en gevoelens sodat hulle nie 'tweedehandse' werk lewer nie.
- Baie onderwysers kan besluit op 'n oorkoepelende tema vir die jaar se praktiese werk en dit dan onderverdeel in spesifieke aspekte van die tema, mat ander woorde een per kwartaal. Dit kan 'n meer samehangende groep werke in die retrospektiewe uitstalling tot gevolg hê.
- Alhoewel leerders 'n skriftelike opdrag moet ontvang, is dit soms 'n goeie idee om die opdrag aan hulle te gee net voor die aanvang van die finale kunswerk. Onderwerp 1 sal uit 'n reeks 'boublokke' bestaan (Stap-vir-stap-aktiwiteite as deel van die proseswerk) wat opeenvolgend gegee word om eksperimentering te verseker. Leerders hoef nie te weet waarheen die onderwerp lei nie, wat 'n aspek van verrassing skep. Dit verhoed die neiging van leerders om by hul eerste idee vas te haak, sonder om te eksperimenteer en ander moontlikhede na te vors.
- Bepaal verwagtinge, minimum vereistes en sperdatums met betrekking tot die eindproduk.

BYLAE B het 'n templaar wat onderwysers kan gebruik vir die opstel van PAT-temas. Die templaar is gebaseer op die formaat wat deur die Nasionale Senior Sertifikaat Visuele Kunste Vraestel 2 – Prakties gebruik word.

- Onderwysers kan hierdie formaat gebruik om PAT'e en die Proefeksamen op te stel.
- Onderwysers kan hul eie formaat gebruik, solank dit ooreenstem met hierdie dokument.

2.1 Idees en benaderings om Onderwerp 1 te lei

Informele en formele voorbereiding vir praktiese werk moet in 'n bronboek/visuele dagboek spesifiek vir Visuele Kunste aangeteken word. Hierdie bronboek is NIE 'n formele, netjiese notaboek NIE, maar 'n ekspressiewe, persoonlike 'plakboek' van idees en prikkels wat die individu se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Dit moet vol en opwindend wees; 'n nuttige bron van idees en beelde vir gebruik in praktiese opdragte. Leerders moet al hulle konseptuele idees, beplanning, 'rond speel' en verkenningswerk in hulle Visuele Kunste-bronboek plaas.

Die bronboek gee insig oor die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het en ander prosesse wat tot hulle finale werk gelei het. **Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die skep van kunswerke gelei het, duidelik weergee.**

Die bronboek moet die volgende insluit:

- Sketse en voorbereidingstekeninge. Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese opsies in Visuele Kunste.
- Visuele beelde, artikels, uittreksels, voorbeelde, foto's, ensovoorts wat deur die leerder versamel is
- Voorwerpe (stukkies papier, verpakkingsmateriaal, kaartjies, ens.) wat die leerder interessant en stimulerend gevind het, wat persoonlike betekenis het, of wat op een of ander tyd nuttig mag wees vir die praktiese projek
- Krabbels, woorde, sketse, geskryfte wat met die leerder se ondervindings en konteks verband hou
- Navorsing en die studie van 'n wye verskeidenheid kunstenaars, asook voorbeelde wat hulle praktiese werk mag ondersteun
- Enige iets anders wat die leerder stimulerend en/of interessant mag vind en wat as 'n bron vir sy/haar praktiese werk kan dien
- Ondersoek van verskillende tegnieke en materiale
- Breinkaarte om idees te ontwikkel
- Dokumentasie van enige proseswerk

Visuele navorsing, ondersoek en praktiese proseswerk

Onderwysers moet:

- Eksperimentering met verskillende media aanmoedig. Dit kan klein skilderye, collages, ensovoorts insluit.
- Leerders aanmoedig om die bronboek vir skryf en die maak van sketse te gebruik om so die vasgestelde opdrag verder te voer.

- Klem plaas op die feit dat hierdie 'n persoonlike uitdrukking is en dat daar nie net een manier is om dit te doen nie. Moenie te voorskrytelik wees nie, maar laat leerders toe om hul op hul eie manier die bronboek binne die riglyne te skep. Seuns verkies dikwels 'n meer 'n direkte benadering, terwyl baie meisies klem lê op die skep van 'pragtige' bladsye. Wees bewus hiervan en lei daarvolgens.
- Leerders blootstel aan 'n verskeidenheid van kunstenaars se boeke en beklemtoon dat die proses van ontwikkeling van die kunswerk belangriker is as net 'n netjiese 'plakboek'. Daar is geen beperking met betrekking tot die grootte nie – dit kan A3, A4 of enige ander grootte wees.

2.2 Idees en benaderings om Onderwerp 2 te lei

- Graad 12 is die akkumulاسie van 'n drie-jaar-studie en leerders moet voldoende tegniese vaardighede hê.
- Demonstreer, verduidelik en verwys na die werk van relevante kunstenaars wanneer spesifieke temas bekendgestel word om met Visuele Kultuurstudies te integreer.
- Baie min leerders kan 'n opdrag op hul eie voltooi. Daar word van jou as die Visuele Kunste-onderwyser verwag om die kreatiewe proses van begin tot einde te lei. Wees ontvanklik vir uiteenlopende oplossings vir praktiese projekte.
- Doen voortdurend informele assessering deur die vordering van die leerders se werk met hulle te bespreek. Probeer om leerders te lei om hul eie oplossings te ontwikkel, eerder as om jou idees op hulle af te dwing.
- Hou gereelde 'kritieksessies' waartydens jy leerders fasiliteer en leer om die werk van hul klasmaats op 'n konstruktiewe manier te bespreek.
- **Onthou dat jy as die Visuele Kunste-onderwyser die estetiese kwaliteite van enige take moet lei.** Dit is die plig van die onderwyser om die leerder te help om sy/haar eie kreatiewe stem te vind.
- Probeer om hulle te lei tot individuele en innoverende benaderings/oplossings.
- Lei hulle om idees te ontwikkel deur vanaf eerstehandse waarnemings te werk.
- Lei leerders ook om bronmateriaal wat estetiese kwaliteite kortkom, uit te skakel. Estetiese beteken nie 'mooi' nie; sommige van die 'lelikste' beelde kan ongelooflike resultate lewer in 'n kunswerk.
- Leerders moet selfversekerde en berekende risiko's neem en nuwe idees en prosesse uitprobeer sonder om mislukking te vrees.
- Dit is belangrik dat die Visuele Kunste-onderwyser selfvertroue onderrig sodat leerders gemaklik sal voel in die neem van risiko's en uit hul foute leer wanneer hulle idees, materiale, gereedskap en tegnieke verken en daarmee eksperimenteer.
- Kreatiewe aktiwiteite mag op verskillende vlakke plaasvind; vanaf die laer vlak waar 'n pastiche van 'n reeds bestaande idee of kunswerk geskep word tot 'n hoër vlak waar 'n totale vars en individualistiese proses en/of uitkoms geskep word.
- Dit is belangrik om die groep kunswerke van 'n leerder voortdurend deur die jaar te sien en te bespreek. Dit help om hulle sterk punte en swak punte te identifiseer.
- Pasop vir skadelike kritiek. Dit is raadsaam om met die positiewe te begin en dan na gebiede te beweeg wat verbeter kan word. Gaan ook in gesprek met 'n leerder, byvoorbeeld: *'Ek dink dit sal meer doeltreffend wees as jy hierdie verander ... Wat dink jy?'* Dit laat hulle deel van die proses voel en laat hulle dink oor hul werk.
- Dit is belangrik dat jy jou leerders verstaan en ken om hul spesifieke sterk punte te ontwikkel. Sommige leerders sal sorgvuldige beplanners wees, terwyl ander meer intuïtief werk.

- Daar is baie maniere om kunswerke te skep. Sommige kunstenaars doen noukeurige beplanning voordat hulle met die kunswerk begin, terwyl ander, byvoorbeeld sommige Surrealiste en Abstrakte Ekspresioniste, meer 'vry' begin en die werk gedurende die skeppingsproses. Wees buigsaam genoeg om leerders toe te laat om verskillende maniere te gebruik om kunswerke te skep. Sterker individuele interpretasies en style word van graad 12-leerders verwag.
- Lei leerders om doeltreffende, onafhanklike, kritiese en reflektiewe denkers te wees.
- Moenie leerders onderskat nie, maar daag hulle uit omdat hulle 'n mens dikwels verras deur die uitdaging aan te neem.
- **Besinning:**
 - Aan die einde van elke PAT moet daar een of ander vorm van besinning/terugvoering wees oor die werk wat elke leerder geskep het om verdere ontwikkeling van die leerder te verseker. Dit kan geskrewe en/of verbale terugvoer wees wat kommentaar lewer op sterk punte en swak punte.
 - Dit kan die vorm aanneem van selfbesinning, klas-/onderwyserbesinning en nasien, portuurbesinning, oop kritieksessies wat deur die onderwyser sowel as die leerder gelei word.
 - Terugvoer kan die vorm van 'n mini-uitstalling aanneem.

2.3 Hoe om PAT'e te administreer

- Verseker die beskikbaarheid van kunsmedia.
- Voldoende tyd (kies kontaktyd gedurende en/of na skool).
- Sorg dat kontrolepunte en sperdatums nagekom word.
- Informele deurlopende assessering.
- Voltooi formele assessering volgens die rubriek.
- Voltooi sigblaaie ('spreadsheets') wat deur die provinsie voorsien word.
- Volg die skool se beleid ten opsigte van die inhandiging van punte.
- PAT-punte en onderwyserportefeuljes moet te alle tye vir kluster-/provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Veilige berging vir praktiese werk moet deur die skool voorsien word.
- Alle kunswerke moet te alle tye vir uitstallings, eisteddfods, kunstefeeste beskikbaar te wees en bly die eiendom van die Nasionale Departement van Basiese Onderwys totdat die finale uitslae vrygestel word. Die veilige bewaring van kunswerke is die skool se verantwoordelikheid.

2.4 Hoe om die PAT'e te assesseer/na te sien

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Uitstaande	90–100	<ul style="list-style-type: none"> Die leerder het baie idees gegeneer; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voordat een idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; het probleemoplossingvaardighede bemeester. Poging is veel meer as wat vereis is. Die 'WOW'-faktor is duidelik. Werk toon 'n groot mate van innovering. Inhoud/konseptuele rykdom van die werk is uitstekend. Die werk in geheel spreek van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele kwaliteite. Die werk toon duidelik 'n oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van 'n wye verskeidenheid elemente en beginsels. Uitstaande en oorspronklike aanbieding. Buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid; waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings.
Uitstekend	80–89	<ul style="list-style-type: none"> Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en weldeurdag; minder opgelos; 'n paar geringe foute sigbaar. Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar daar is 'n afwesigheid van tegniese rykheid.
Baie goed	70–79	<ul style="list-style-type: none"> Goed georganiseerd, soos hierbo, maar ontbreek aan 'sprankel' (minder oortuigend in terme van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar. Goeie bewys van moeite en toewyding. Interessant/innoverend/kreatief, maar nie tegnies opgelos nie. Tegnies goed, maar ontbreek konseptuele rykheid, of andersom. Werk mag kreatief innoverend wees, maak ontbreek tegniese vaardigheid.
Goed	60–69	<ul style="list-style-type: none"> Die werk demonstreer 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige, direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig somtyds na die alledaagse en 'n stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite gedoen met aanbieding; steurende/duidelike teenstrydighede. Goeie vlak van bevoegdheid.

Gemiddeld	50–59	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig. • Verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie. • Aanvaarbare aanbieding; baie steurende teenstrydighede. • Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid. Moontlik 'n beperkte betrokkenheid in terme van tyd en moeite. • Beelde is van 'n ander bron gekopieer met min transformasie van beelde. • Min bewyse dat iets ongewoon probeer is. • Omvang van die werk is eng en/of herhalend.
Ondergemiddeld	40–49	<ul style="list-style-type: none"> • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie. • Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of 'n gebrek aan tyd aan taak gewy, kan hiertoe bydra. • Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag. • Beelde is van 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie van beelde. • Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewys van beplanning nie, of onvolledige beplanning.
Swak	30–39	<ul style="list-style-type: none"> • Net genoeg materiaal/werk om te slaag. • Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik. • Geringe poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie. • Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag. • Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder die aanvaarbare. • Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig. Geen bewyse van oorspronklike denke nie.
Baie swak Druip	20–29	<ul style="list-style-type: none"> • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting. • Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. • Baie swak vaardigheidsvlak. • Projek is baie swak of onvoltooid. • Swak estetiese besluitneming. • Klasse is gemis en leerder het nie die tyd ingehaal nie.
Onaanvaarbaar Druip	0–19	<ul style="list-style-type: none"> • Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie. • Werk onvoltooid. • Swak artistiese besluitneming/leerder het geen moeite gedoen nie. • Die meeste klasse is gemis en leerder het nie die tyd ingehaal nie.

2.5 Moderering van PAT'e

Moderering is noodsaaklik vir gehalteversekering en moet op 'n gereelde basis plaasvind. Die templaot hieronder kan gebruik word vir interne (skool) en eksterne (provinsiale) moderering van die PAT.

VISUELE KUNSTE: MODERERING VAN PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK			
SKOOL		VAK	
GRAAD		DATUM	
ONDERWYSER		MODERATOR	
1	DIE PAT-OPDRAG		√ OF x
	Vaknaam, graad en jaar		
	Duidelike instruksies van wat verwag word, wat van toepassing is op die spesifieke graad		
	Realistiese verwagtinge vir die spesifieke graad		
	Visuele inspirasie		
	Die opdrag, gebaseer op Williams se taksonomie, skep die geleentheid om die volgende te ontwikkel:		
	<ul style="list-style-type: none"> • Vloei (die voortbring van idees, antwoorde, reaksies, moontlikhede vir 'n gegewe situasie/probleem) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Buigsaamheid (die voortbring van alternatiewe, variasies, aanpassings, verskillende idees/oplossings/opsies) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Oorspronklikheid (die voortbring van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Uitbreiding (die uitbreiding, vergroting, verryking of verfraaiing van idees om dit makliker te maak vir ander om te verstaan of om dit meer interessant te maak) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Risiko's neem (eksperimentering, die probeer van nuwe uitdagings) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Kompleksiteit (die vermoë om struktuur uit chaos te skep, om logiese orde in 'n gegewe situasie te bring en/of die ontbrekende dele te sien) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Nuuskierigheid (die vermoë om te wonder, na te dink, te oorweeg of te raai) 		
	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeelding (die vermoë om denkbeeldige prentjies te bou, moontlikhede en nuwe dinge te visualiseer of verby praktiese beperkinge te reik) 		
	Duidelike assesseringskriteria		
	Sperdatums en tydbestuur		
	Kommentaar:		

2	ASSESSERING VAN PAT'e	
	Van toepassing op die spesifieke graad, in lyn met die standaard van die provinsie, byvoorbeeld realistiese punttoekenning	
	Gebruik van assesseringskriteria	
	50 punte vir bronboek wat die assessering van die volgende insluit:	
	• Konsep-ontwikkeling	
	• Navorsing, ondersoek, eksperimentering	
	• Prosestekeninge	
	• Aanbieding, algehele voorkoms	
	As al die bogenoemde of enkele daarvan nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief?	
	50 punte vir kunswerk(e) wat die assessering van die volgende insluit:	
	• Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke	
	• Gebruik van formele kunselemente	
	• Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	
	• Interpretasie en praktiese implementering van navorsing	
	• Voltooiing en aanbieding van kunswerk	
	As al die bogenoemde of enkele daarvan nie van leerders verwag is nie, was daar 'n betekenisvolle en/of kreatiewe alternatief?	
	Kommentaar:	

2.6 Verklaring van egtheid

Verwys na BYLAE A.

3. RIGLYNE/INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER

3.1 Instruksies vir die leerder

"'n Idee is ons visuele reaksie op iets wat ons gesien het – in die werklike lewe, in ons geheue, in ons verbeelding, in ons drome.'

~ Vrye vertaling: Anna Held Audette in die boek, *The Blank Canvas*



ONDERWERP 1 – BRONBOEK (Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees)

Die bronboek verskaf insig oor die manier waarop jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet alle gedagteprosesse wat tot die vervaardiging van kunswerke gelei het, duidelik oordra.

Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk ontstaan en ontwikkel het en geskep is deur teken, eksperimenteer en skryf. Dit moet jou **individualiteit** en **kreatiwiteit** as 'n Visuele Kunste-leerder weerspieël.

In graad 12 moet jy reeds weet hoe om die bronboek te gebruik. Die bronboek moet antwoorde op die volgende verskaf:

- Wat was die keuse van die onderwerp vir die kunswerk?
- Waarom is dit gekies?
- Hoeveel beplanning is gedoen?
- Hoe het jy vir die praktiese werk voorberei?
- Watter moeilikhede/probleme is ondervind en hoe is dit oorkom/opgelos?
- Wat was aangenaam/opwindend/positief van die praktiese werk?
- Wat is gedurende die skep van die kunswerk geleer?

Die volgende is 'n paar idees en benaderings om te volg:**Dinkskrum; kies en evalueer idees**

- Jy moet begin deur alle moontlike idees, aktiwiteite, kwessies, ensovoorts in verband met die tema neer te skryf, met ander woorde in 'n breinkaart.
- Dit is belangrik om te benadruk dat die doel van enige kunswerk is om 'n boodskap oor te dra – om kommentaar te lewer, te skreeu of te sing oor die wêreld waarin ons onself bevind.
- Dit is belangrik dat jy temas verpersoonlik. Jy moet konsentreer op waarvoor jy omgee en wat jou roer.
- Terwyl jy idees versamel, probeer jou denkprosesse lei na dit wat persoonlik, ongewoon, uitdagend is en wat jou met passie vul.
- Wanneer jy idees evalueer, elimineer dit wat onoorspronklik ('cheesy')/ oppervlakkig is (byvoorbeeld die pienk hartjies en oulike goetertjies), onopreg (byvoorbeeld wêreldvrede) of oorweldigend oppervlakkig mooi en sonder inhoud is (byvoorbeeld 'n bos rose).
- Om kunswerke te skep, het jy toegang tot beeldmateriaal van goeie gehalte nodig. Probeer om nie slegs foto's van ander te gebruik nie. Dit is altyd beter om 'n onderwerp eerstehands te verken. Baie van die foto's op die Internet is van 'n swak gehalte of is generies.
- Elimineer bronne wat oordoen is. Niks is nuut in kuns nie, maar jy kan dit 'n vars voorkoms gee. Daar is dikwels 'n magiese kwaliteit in dit wat ander weggegooi, misgekyk of vergeet het.
- 'n Ware kunstenaar maak kuns wat vir hom/haar van waarde is.
- Verseker die uitgebreide gebruik van teken om waarneming en uitvindsel uit te druk, om gevoelens, ervarings en idees te kommunikeer en ook vir plesier.

HOE OM IDEES TE GENEREER:

Breinkaarte

'n Breinkaart is 'n goeie instrument om idees wat met 'n sentrale tema verband hou, voort te bring. Die eindresultaat moet 'n webagtige struktuur van woorde en idees of selfs beelde wees. Soos wat jy die vertakkings uitbrei, mag jy nuwe oplossings ontdek.

'n Paar vinnige riglyne

- Begin deur die tema in die middel van die bladsy te plaas (skryf die woord en/of teken 'n prent daarvan)
- Teken ten minste vier dik, organiese takke wat vanaf die sentrale woord/beeld uitstraal. Jy kan verskillende kleure gebruik om elke tak te verteenwoordig.
- Teken addisionele takke wat vanaf die hooftakke strek. Die woorde op hierdie takke is sub-onderwerpe van die woorde wat jy op die hooftakke geskryf het.
- Hou aan om die breinkaart uitwaarts met addisionele sub-onderwerpe/ kernwoorde en takke uit te brei.



Hierdie templaet beklemtoon snellerwoorde, soos persoonlik, kreatief, ensovoorts, om assosiasies oor 'n gegewe tema te skep.



Die breinkaart links toon 'n verkenning van die tema 'krag' wat met gemengde media gedoen is. Dit vorm deel van 'n artikel 'How to make a mind map: Creative examples for high school art students.' (Hoe om 'n breinkaart te maak: kreatiewe voorbeelde vir hoërskool-kunss studente.)

<http://www.studentartguide.com/articles/how-to-make-a-mindmap-creative-ideas>

'n Ander nuttige webblad:

<http://blog.iqmatrix.com/how-to-mind-map>

Teken

Daar moet 'n uitgebreide gebruik van teken in jou bronboek wees wat ten minste 30% van jou voorstel vir jou finale werk weerspieël. Hierdie tekeninge kan die volgende weerspieël:

- Om te skep en uit te vind, byvoorbeeld om te visualiseer, droom, verbeel
- Vir insig/begrip, byvoorbeeld om waar te neem, te ondersoek, oordink, onthou
- Om idees en moontlikhede te ondersoek
- Om vir plesier te ontwerp
- Om gevoelens, ervarings en idees aan ander oor te dra, byvoorbeeld visualiseer, gebruik kodes en simbole

Daar moet genoeg bewyse van tekenvaardighede wees wat die volgende insluit:

- Naturalistiese tone waar daar baie lae en wisseling van baie donker tot suiwer wit is
- Oordrewe toon; skerp kontras tussen lig en donker (chiaroscuro)
- Ekspressiewe lyne

Eksperimentering

- Eksperimenteer met media en prosesse, insluitend toetsvoorbeelde en kleurkaarte.
- Ondersoeke moet doelgerig wees.

Invloede van historiese, kontemporêre en kulturele faktore

- Verseker dat jy **historiese** en/of **kontemporêre** voorbeelde insluit wat jou geïnspireer het. 'n Riglyn sou wees om twee tot drie kunstenaars/kunswerke te ondersoek/na te vors en jou eie, persoonlike reaksie te gee.
- Geen Internet-drukstukke van kunstenaars se algemene inligting mag in jou bronboek geplak word nie.
- Demonstreer die goeie gebruik van vakkundige woordeskat (frases soos 'sterk kontras', 'lei die oog' en 'fokuspunt').

Skryf

- Voorsien aantekeninge/byskrifte by tekeninge, bronne en eksperimente om jou gdeagtes tydens konseptualisering uit te druk. Kommunikeer duidelik. Dit maak nie saak of jy aantekeninge of volsinne gebruik nie, maar moet nooit 'txt'- of sleng/sms-taal gebruik nie.

Uitleg

- 'n Bronboek se voorkoms moet herinner aan dit wat jy sou verwag 'n kunstenaar sou skep.
- Wissel bladuitleg af om verskeidenheid en visuele interessantheid te skep.
- Elke blad van jou bronboek moet kreatiwiteit weerspieël.

ONDERWERP 2 – Die maak van die kunswerk (Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg)

Wat doen kunstenaars?		
<i>Onthou</i>	<i>Skep</i>	<i>Verbeel</i>
<i>Voel</i>	<i>Waarneem</i>	<i>Verwring</i>
<i>Eksperimenteer</i>	<i>Ontdek</i>	<i>Speel</i>
<i>Herhaal</i>	<i>Omskep</i>	<i>Ondersoek</i>
<i>Beplan</i>	<i>Analiseer</i>	<i>Simboliseer</i>
DIT IS HOE JY JOU TEMA KAN VERKEN		



- Die kunswerk moet verband hou met jou eie ervarings.
- Kuns is die produk van 'n proses.
- Komposisie is die grondslag vir beeldskepping. Bespreek jou komposisies met jou onderwyser en maniere om dit meer opwindend te maak.
- 'n Idee is maar net so goed soos die uitvoering daarvan. 'n Swak gemaakte kunswerk ruïneer 'n goeie idee.
- 'n Kunswerk is ten eerste 'n uitdrukking van die medium daarvan. In alle groot kunswerke is die onderwerp en die middele waarmee dit uitgevoer is, onafskeibaar. Jy moet tegnieke bemeester om jou inhoud te beskerm.
- Onthou die belangrikheid van die kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
- Geniet wat jy doen en streef altyd na 'n persoonlike interpretasie van 'n tema.
- Tyd is 'n faktor wanneer jy praktiese werk doen. Moet dus nie tyd mors en onvoltooide werk inhandig nie.
- Raak geïnspireer deur Visuele Kultuurstudies.
- Dit is raadsaam dat wanneer jy jou PAT voltooi het, jy reflekteer oor die sterk punte en swak punte van die werk.

3.2 Vereistes: PAT'e vir Visuele Kunste

KWARTAAL 1 Praktiese Assesseringstaak	KWARTAAL 2 Praktiese Assesseringstaak	KWARTAAL 3 Proefeksamen (Praktiese Taak) (voltooi aan begin van kwartaal)
Onderwerp 1: Konseptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk(e) (50)	Onderwerp 1: Konseptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk(e) (50)	Onderwerp 1: Konseptualisering (50) Onderwerp 2: Kunswerk(e) (50)
Ten minste EEN of meer kunswerk(e) moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.	Ten minste EEN of meer kunswerk(e) moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.	Ten minste EEN of meer kunswerk(e) moet in die PAT voltooi word, met deeglike proseswerk in die bronboek.

Die Visuele Kunste-PAT bestaan uit DRIE afsonderlike take wat gedurende die jaar onderneem word. Elke taak **moet** beide Onderwerp 1 insluit: **Konseptualisering** en Onderwerp 2: **Die maak van kreatiewe kunswerke**. Punte moet toegeken word aan beide die **konseptualisering** (Onderwerp 1) en **praktiese prosesse** (Onderwerp 2).

3.3 Assessering

ONDERWERP 1: BRONBOEK

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Voorgestelde punte-toekenning
Konseptontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konseptontwikkeling te toon 	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ensovoorts	Dit moet sommige of al die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> Sketse, tekeninge, foto's, beelde, gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het Eksperimentering van media en/of verskillende tegnieke Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite ondersteun 	15
Prosestekeninge	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konseptontwikkeling te verduidelik 	15
Aanbieding en algehele voorkoms	<ul style="list-style-type: none"> Visueel interessant om 'n persoonlike benadering te toon Jou bronboek moet uit gemiddeld 8–10 bladsye bestaan 	10
TOTAAL		50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Voorgestelde punte-toekenning
Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke	<ul style="list-style-type: none"> Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep Veilig en hanteerbaar Tegniese vaardigheid 	10
Gebruik van formele kunselemente	<ul style="list-style-type: none"> Die belangrikheid van die kunselemente en -beginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie 	10
Geheelindruk van werk: oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	<ul style="list-style-type: none"> Die voortbring van nuwe, unieke en ongewone antwoorde/oplossings 	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	<ul style="list-style-type: none"> 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema Eksperimentering Probeer nuwe uitdagings 	10
Voltooing en aanbieding van kunswerk	<ul style="list-style-type: none"> Aandag aan detail Taak in toegelate tyd voltooi Aanbieding volgens taak 	10
TOTAAL		50

3.4 Afwesigheid/Take nie ingelewer nie

- Afwesigheid of take wat nie ingelewer is nie, sal lei tot 'n **ONVOLTOOIDE** punt.
- Om egtheid te verseker moet **60% van die kunswerk** (ONDERWERP 2) by die skool voltooi word.
- As werke slegs by die huis voltooi word, kan die onderwyser nie egtheid goedkeur nie en 'n 0% sal toegeken word.

3.5 Vereistes vir aanbieding

ONDERWERP 1 (Bronboek) – minimum 8–10 bladsye

ONDERWERP 2 (Kunswerk) – Jou onderwysers sal jou lei in aanbieding, raam, uitstalling, ensovoorts vir nasiendoeleindes.

3.6 Tydraamwerke

- Presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inhandiging van werk.
- Kontrolepunte tydens die proses.

3.7 Verklaring van egtheid

Verwys na BYLAE A.

4. BRONNELYS

LTSM – BRONVERWYSINGS

- Handboek goedgekeur deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys.
- Naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte soos *Art South Africa* en *Art Times*, foto's, PowerPoint-aanbiedinge, video's, ensovoorts om waardevolle onderrig- en leerondersteuningsmateriaal te bied.
- Besoeke aan kunsuitstallings. Gereelde, volgehoue besoeke aan kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Waar besoeke onmoontlik is (skole in landelike gebiede, ensovoorts), moet koerantresensies, ensovoorts gereeld geraadpleeg word.
- Die Internet – gebruik soekenjins om nuttige webtuistes te vind. YouTube voorsien baie praktiese werkswinkels. Inspirasie vir praktiese take kan op Pinterest en Pictify gevind word.

5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

BYLAE A: VERKLARING VAN EGTHEID**VERKLARING VAN EGTHEID**

Ten minste 60% van hierdie PAT is onder toesig van die Visuele Kunste-
onderwyser gedoen. Hierdie verklaring sertifiseer dat alle werk wat ingehandig is,
oorspronklik en die werk van die leerder is.

Leerder		
Skool		
Distrik		
PAT 1 / 2 / Proefeksamen: (Kies en omsirkel slegs EEN.)		
	Handtekening	Datum
Leerder		
Onderwyser		
Skoolhoof		
Skoolstempel		

BYLAE B: TEMPLAAT VIR OPSTEL VAN PAT-OPDRAGTE

VISUELE KUNSTE	
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (OF PROEFEKSAAMEN)	
Naam van skool	Onderwyser
Kwartaal/datum	
Sperdatum	
INSTRUKSIES EN INLIGTING	
<p>Hierdie PAT bestaan uit TWEE afdelings:</p> <p>ONDERWERP 1: BRONBOEK ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK</p> <p>Jy moet beide ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 doen. Jou onderwyser sal hierdie taak bekendstel en fasiliteer.</p> <p>In hierdie taak word daar van jou verwag om die volgende vaardighede te demonstreeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe en genereer idees in reaksie op 'n projekopdrag. • Demonstreeer 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid deur 'n reeks materiale en tegnieke te gebruik. • Los visuele en konseptuele probleme op in die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke deur 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik. • Bestuur tyd en die werkproses doeltreffend en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk. <p>Ten minste 60% van hierdie PAT moet in die klas onder toesig van jou Visuele Kunste-onderwyser gedoen word omdat die onderwyser die werk as jou eie moet verklaar. As die werk slegs by die huis gedoen is, kan dit nie as eg verklaar word nie en sal die werk NIE gemerk word NIE.</p>	
DIE ONDERWYSER MOET DIE VOLGENDE DOEN:	
<ul style="list-style-type: none"> • Noem die tema. • Verduidelik die tema deur inspirasie, definisies, historiese inligting, kontekstualisering, ensovoorts te voorsien. • Voorsien visuele inspirasie. Dit moet voorbeelde van ander kunstenaars se werke insluit om die uiteenlopende benaderings tot 'n tema te wys en leerders te inspireer. • Maak seker dat die tema oop is vir baie interpretasies (beskrywend, simbolies, konseptueel of meer metafories) om oorspronklike en kreatiewe oplossings te skep. 	

ONDERWERP 1: BRONBOEK

- Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis in die ontwikkeling van die kunswerk en moet jou kreatiwiteit as 'n kunsleerder weerspieël deur esteties opwindend en kreatief in aanbieding te wees.
- Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk lei. Jou bronboek moet jou denkprosesse duidelik kommunikeer.
- Direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.
- Groot klem word op die proses van TRANSFORMASIE (verandering) van die bronmateriaal geplaas.
- As jy geskikte, ontleende beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike beelde kombineer om jou EIE INTERPRETASIE te ontwikkel.

In jou bronboek moet jy VISUEEL die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk UITGEDINK, ONTWIKKEL en GESKEP is. Dit moet gedoen word deur teken, skryf, eksperimenteer, plak, ensovoorts. Hierdie reis deur tyd moet jou INDIVIDUALITEIT en KREATIWITEIT as 'n kunsleerder weerspieël.

Die volgende is 'n riglyn van dinge wat jy in jou bronboek kan insluit:

- Plak hierdie PAT-opdrag in jou bronboek.
- Voorstel/idee, wat breinkaarte, dinkskrums, ensovoorts kan insluit.
- Ondersoek, eksperimentering en navorsing oor benaderings en/of idees, wat bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het, kan insluit.
- Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite staaf.
- Verpersoonlik en skep oorspronklike voorbereidings-/komposisiesketse en -tekeninge wat op jou bronne gebaseer is.
- Prosestekeninge.
- As jou werk meer prosesgeoriënteerd is, moet jy bewyse van die kreatiewe proses insluit deur middel van dokumentasie deur oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge en bygaande tekste.

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

- Skep 'n kunswerk waarin jy jou stories, idees, emosies en gedagtes met betrekking tot die tema uitdruk.
- Ten minste **60% van die kunswerk MOET by die skool voltooi word.**
- Onthou die belangrikheid van die kunselemente en -beginsels soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie.
- Oorweeg verskillende style soos naturalisme, ekspressionisme, ensovoorts.

DIE ONDERWYSER GEE VERDERE INSTRUKSIES OOR DIE VOLGENDE:

- Die spesialisasie- praktiese opsie(s) wat in die skool gevolg word
- Tegnieke vereistes
- Grootte
- Enige ander vereistes solank dit leerders die geleentheid bied vir kreatiewe en innoverende uitdrukking en nie te voorskriftelik is nie

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PAT

Die volgende kriteria as 'n riglyn gebruik wanneer nagesien word:

ONDERWERP 1: BRONBOEK

KRITERIA	
Konseptontwikkeling	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering	15
Prosestekeninge	15
Aanbieding en algehele voorkoms	10
TOTAAL	50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke	10
Gebruik van formele kunselemente	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	10
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	10
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL VAN ONDERWERP 1 EN ONDERWERP 2	100

ASSESSERINGSKRITERIA VIR DIE PAT		
Uitstaande	90–100	<ul style="list-style-type: none"> • Die leerder het baie idees gegenereer; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voordat een idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; het probleemoplossingvaardighede bemeester. • Poging is veel meer as wat vereis is. • Die 'WOW'-faktor is duidelik. • Werk toon 'n groot mate van innovering. • Inhoud/konseptuele rykdom van die werk is uitstekend. • Die werk in geheel spreek van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele kwaliteite. • Die werk toon duidelik 'n oorspronklike visie, 'n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van 'n wye verskeidenheid elemente en beginsels. • Uitstaande en oorspronklike aanbieding. Buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid; waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings.
Uitstekend	80–89	<ul style="list-style-type: none"> • Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en weldeurdag; minder opgelos; 'n paar geringe foute sigbaar. • Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar daar is 'n afwesigheid van tegniese rykheid.
Baie goed	70–79	<ul style="list-style-type: none"> • Goed georganiseerd, soos hierbo, maar ontbreek aan 'sprankel' (minder oortuigend in terme van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; 'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar. • Goeie bewys van moeite en toewyding. Interessant/innoverend/kreatief, maar nie tegnies opgelos nie. • Tegnies goed, maar ontbreek konseptuele rykheid, of andersom. Werk mag kreatief innoverend wees, maak ontbreek tegniese vaardigheid.
Goed	60–69	<ul style="list-style-type: none"> • Die werk demonstreer 'n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige, direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig somtyds na die alledaagse en 'n stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite gedoen met aanbieding; steurende/duidelike teenstrydighede. • Goeie vlak van bevoegdheid.

Gemiddeld	50–59	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig. • Verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie. • Aanvaarbare aanbieding; baie steurende teenstrydighede. • Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid. Moontlik 'n beperkte betrokkenheid in terme van tyd en moeite. • Beelde is van 'n ander bron gekopieer met min transformasie van beelde. • Min bewyse dat iets ongewoon probeer is. • Omvang van die werk is eng en/of herhalend.
Ondergemiddeld	40–49	<ul style="list-style-type: none"> • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie. • Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of 'n gebrek aan tyd aan taak gewy, kan hiertoe bydra. • Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag. • Beelde is van 'n ander bron gekopieer met baie min transformasie van beelde. • Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewys van beplanning nie, of onvolledige beplanning.
Swak	30–39	<ul style="list-style-type: none"> • Net genoeg materiaal/werk om te slaag. • Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik. • Geringe poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie. • Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag. • Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder die aanvaarbare. • Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig. Geen bewyse van oorspronklike denke nie.
Baie swak Druip	20–29	<ul style="list-style-type: none"> • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting. • Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. • Baie swak vaardigheidsvlak. • Projek is baie swak of onvoltooid. • Swak estetiese besluitneming. • Klasse is gemis en leerder het nie die tyd ingehaal nie.
Onaanvaarbaar Druip	0–19	<ul style="list-style-type: none"> • Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie. • Werk onvoltooid. • Swak artistiese besluitneming/leerder het geen moeite gedoen nie. • Die meeste klasse is gemis en leerder het nie die tyd ingehaal nie.

BYLAE C: VISUELE BEELDE

Hieronder is voorbeelde van bronboekwerk, met toestemming van graad 12-leerders van Hoërskool Fish Hoek. Die dokumentering van die kreatiewe proses met annotasies (opmerkings) is sigbaar in die geselekteerde beelde.





